Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingshulpbrononderstеuning
Subdirektoraat: Leerdervervoerskemas

Verwysing: 20170428-356
12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0003/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale van skole met WKOD-befondsde leerdervervoerskemas

Onderwerp: Leerdervervoerskemas – Bevestiging van die hoeveelheid leerders wanneer die WCED-062-vorm en WCED-063-vorm ingevul word

1. Daar word verwys na paragraaf 9 van die handleiding vir Standaard Bedryfsprosedures vir Leerdervervoerskemas (LVS) waarin die proses vir die betaling van 'n geldige LVS-kontrakteurseis uiteengesit word.

2. Prinsipale word daaraan herinner dat net die name van leerders wat vir vervoer deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Hoofkantoor gemagtig is op die register met leerders wat van leerdervervoer (vorm WCED-062) gebruik maak en aan die LVS-kontrakteur verskaf word, moet verskyn.

3. Prinsipale word ook versoek om seker te maak dat die hoeveelheid leerders soos deur die LVS-kontrakteur op die Eisvorm (vorm WCED-063) aangedui, ooreenstem met die hoeveelheid leerders wat op die WCED-062-vorm aangedui is.

4. Die hoeveelheid leerders wat op die WCED-062-vorm en die WCED-063-vorm aangedui word, mag nooit die hoeveelheid leerders wat vir vervoer op 'n bepaalde roete gemagtig is, oorskry nie.

5. Prinsipale wat nie die bovermelde vereistes nakom nie, kan verwag om aan dissiplinêre prosedures onderwerp te word.

6. U samewerking word op prys gestel.

GETEKEN: TS MATSELISO
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2017-05-10

Goue Akker, Adderleystraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2327 Faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za